# NOTULE * MINUTES

PIETERSBURG

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **10 JANUARIE 2017**

PIETERSBURG

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Basie Breytenbach Tel. No. 083 232 6325 e-pos: bbreyton@lantic.net
Sekretaris: Lourens Erasmus Tel. No. 0718681609 e-pos: Lourens.Erasmus@ul.ac.za
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

---

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING<br>STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.1 | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br>Oom Koos Groenewald open met gebed. Voorsitter heet alle lede teenwoordig welkom by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| 1.2 | **Voorlees van Doelstellings**<br>Voorsitter lees die doelstellings van die Vereniging voor en vra die lede om die doelstellings na te streef. | Almal |
| 1.3 | **Verskonings / Apologies**<br>Gerhard de Villiers, Gerrie Craig, Johannes Welgemoed (Jnr) Dries Roux, Johann Kapp, Antoinette Delport, Jaap Davies en Braam Els. | Almal |
| 1.4 | **Presensielys / Attendance List**<br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| 1.5 | **Mosies / Motions**<br>August Thom het goed herstel na sy knie operasie en hartaanval. | Almal |
| 1.6 | **Korrespondensie / Correspondence**<br>Geen korrespondensie ontvang dus het geen bespreking | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | plaasgevind nie. | |
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting**<br>1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>November 2016 notule staan oor na Februarie 2017 se vergadering.<br>1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by | Almal |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake vir bespreking**<br>1.8.1 Vuurwapen lisensie hernuwings<br>Lede word weereens ernstig versoek om ag te slaan op hernuwings en die regulasies van toepassing daarop. 2017 is die groot jaar vir hernuwings – lede moet onthou dat die bepaling vereis dat aansoeke vir hernuwings 90 dae voor die lisensie verstryk ingehandig moet wees. Verder versoek die Voorsitter lede om versigtig te werk te gaan met hulle hernuwings dokumentasie en dat alle bewyse veilig bewaar moet word.<br>1.8.2 Vuurwapen bevoegdheid hernuwings<br>Onthou dat die bevoegdheid so lank geldig is as die eerste 10 jaar lisensie wat verval. Vir selfverdedigings wapens is die bepaling anders [5 jaar].<br>1.8.3 Pietersburgtak Prysuitdelings funksie 13 Januarie 2017<br>Lede kan nog tot Woensdag oggend laat weet of hulle dit gaan bywoon. Pottie hanteer weereens die skaapbraai, en Will Jordan die vermaak en musiek. Die drag is smart-casual. | Rudi Myburgh |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising**<br>1.9.1 Skietbaan<br>Die gras is baie lank na die goeie reen. Volgens Oom Kallie Mouton gaan die munisipaliteit daaraan aandag gee voor die einde van Januarie. Daar is blykbaar n aantal opgraderings in die pyplyn vir die skietbaan – die sal deurgegee word sodra daar finaliteit is. Die skietbaan bestuur sal dan ook tydens hulle vergadering in Januarie 2017 aanbevelings maak rakende die jaar gelde wat huidiglik R200-00 is. Die Voorsitter het twee borde laat maak wat alkohol gebruik aanspreek – die sal binnekort opgesit word. | Rudi |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | 1.9.2 Nuwe lede - Goedkeurings<br><br>Name van Debbie ontvang:<br><br>Mnr Henning Snr. | Debbie |
| **1.10** | **Opleiding / Training**<br><br>1.10.1 Junior opleiding<br><br>Voorsitter en die opleidingsbeampte sal dit indringend ondersoek. Groot moontlikheid dat dit in Jun/Jul sal wees.<br><br>1.10.2 CHASA Kursus<br><br>Daar word aangedui dat ons redelik dringend na ‘n datum moet kyk vir die aanbied van ‘n CHASA kursus. Belangstellendes word versoek om hulle name by Debbie op die lys te laat plaas.<br><br>1.10.3 Gevorderde herlaai kurus<br><br>Leon Henrico van Parys is bereid om ‘n gevorderde herlaai hursus te kom aanbied. Hy het aangedui dat die groepgrootte beperk gaan wees aangesien hy met maskimum 10 persone op n slag werk. Datum(s) sal deurgegee word sodra dit beskikbaar is. | Rudi / Stan<br><br>Rudi/Basie<br><br>Rudi |
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters**<br><br>1.11.1 Algemeen<br><br>Hernu lidmaatskap fooie vanaf 1/3/2017. Prys vlakke beskibaar by Debbie.<br><br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br><br>Geen. | Toegewydejagters<br><br>Debbie |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report**<br><br>Ben Redelinghuys hou verslag voor. Rudi het 10 nuwe ghonge gebou. | Ben |
| **1.13** | **Sosiaal / Social**<br><br>1.13.1. Algemeen<br><br>Voorsitter nooi lede om na die vergadering saam te kom eet. Tak | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | betaal R35.00 en lid die res. | |
| 1.14 | **Skietdae** | |
| | 1.14.1 Skietdag terugvoer – 3 Desember 2016 | |
| | Dit was n kwalifiserende skiet vir die Intervereniging span. In totaal het 49 skuts deelgeneem. Lede was aan die diep kant ingegooi met die uitdagings vlak van die bane. Drie teiken bane en drie ghongbane is gebou. Skuts het uit vryhand staan. Die wenner was DJ vermaak van die Magaliestak met totaal van 775. Rudi Myburgh was tweede met 750 en Hennie Grobler derde. Die hoogste telling vir 'n junior skut was 530 en is behaal deur Ian Grobler. Verskeie vir wenners asook lucky draw pryse was uitgedeel waar onder 'n rooibok jag vir die wenner in die mans afdeling sowel as 'n rooibok jag vir die wenner in die junior afdeling. | Rudi |
| | 1.14.2 Veldskiet 28 Januarie 2017 – De Loskop | |
| | Datums was verkeerd deurgegee, hierdie skietdag was geskeduleer vir 28 Januarie en nie 4 Februarie nie. Dit sal plaasvind by Al3 Boerdery te De Loskop. Daar gaan weer baie pryse beskikbaar wees Hierdie is die laaste geleentheid om te kwalifiseer vir die Intertak span. Inskrywings gelde beloop R250-00 en sluit 'n ete in. | Rudi |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 2.1 | Impala | |
| | Impala bestuur – redakteur het bedank. Dit het BJV in moeilike posisie geplaas en die Impala tydskrif is nie gepubliseer nie. Dit is 'n jammerte dat Ockert Fourie nie sy ooreenkoms eerbiedig het nie. Baie dankie aan Basie wat ons sake op die Facebook blad hanteer. | Almal |
| 2.2 | Huidiglik benodig ons iemand om ons te help om'n nuwe blad uit te reik [Impala Nuusblad]. Die probleem is dat inligiting rakende tak gebeure tans nie gepubliseer word nie en dat BJV dus sukkel om sy bemarking strategie optimaal te benut. Rudi vra vir Bertus Visagie en vir Riaan Meiring of hulle by hulle vrouens sal hoor of hulle bereid sal wees om tydens BJV aktiwiteite foto's te neem en dit na Debbie te stuur vir die nuusblad. | |
| | Riaan Meiring spreek sy kommer uit rakende die gebrek aan | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | sigbaarheid van ons lede wat aan ons maand kompetisies deelneem. Daar sal baie ernstig gekyk moet word na helder kleurige kleding stukke wat dit vir ons moontlik sal maak om beter na die veiligheid van ons lede en besoekers om te sien. Hierdie punt is nog oop vir besprekings siende daar nog gekyk moet word na die opsies wat beskikbaar is en hoe dit prakties toegepas gaan word. | |

**3. ALGEMEEN**
**GENERAL**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | Geen bespreking het plaasgevind nie. | |

**4. VOLGENDE VERGADERING**
**NEXT MEETING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende vergadering sal plaasvind op 7 Februarie 2017 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi bedank almal vir hulle insette en bydraes. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

____________________ ____________________
Sekretaris Datum

____________________ ____________________
Voorsitter Datum